*Prayerwalking**

Ek gebruik deurgaans die woord* **prayerwalking *omdat daar nie in geskikte Afrikaanse uitdrukking is om hierdie woord te omskryf nie.*

Elke nuwe geslag en eeu bring nuwe uitdagings en nuwe aanslae mee. Ons God is ‘n dinamiese God wat altyd relevant is, wat altyd weet hoe om nuwe situasies te benut en nuwe aanslae af te weer, God is deur sy Gees besig om die kerk te leer om op nuwe en ander maniere as in die verlede te bid. Terwyl daar dinge is wat verander, is daar ander dinge wat konstant bly. God bly dieselfde, die waarhede van die Skrif bly dieselfde, dit wat aan die kruis op Golgota gebeur het, bly dieselfde, God se reddende genade bly dieselfde - dit verander nooit. Daar is ‘n wonderlike geestelike dinamiek tussen die veranderlike en die onveranderlike.

Hier wil ek graag aandag gee aan in aantal gebedsvorme wat tradisioneel nie deel was van die meeste kerke nie. Die vorme van gebed wat ek hier aanraak, het eers die afgelope tien tot twintig jaar na vore gekom. Bid en dink hieroor en moet dit nie summier verwerp as ‘n nuwe gier nie. Daar is groot geestelike vrug op hierdie gebedsvorme en op baie plekke het geestelike deurbrake gekom sedert mense van hierdie gebedsvorme en metodes begin gebruik maak het.

Die vier verskillende vorme van gebed wat ek hier bespreek het te doen met gebed buite die kerkgebou. Dit is waar voorbidders uitbeweeg in die gemeenskap en ”op straat" begin bid. Gebed word fisies na die mense toe geneem. Hierdie soort voorbidding is lewensveranderend vir beide die voorbidder en die mense vir wie gebid word. Die beginsel van *prayerwalking* vorm die basis van al vier hierdie tipes gebed wat hier hanteer word.

Net ‘n woord van waarskuwing: gebed binne die kerk en in die binnekamer staan nie teenoor gebed buite die kerk, maar vul mekaar aan. Die een is nie beter as die ander een nie. Daar is ‘n plek en ruimte vir beide. Trouens, beide vorme is noodsaaklik.

1. Prayerwalking (fokus op woonbuurtes)

Hierdie is ‘n opwindende manier om gebed binne gemeentes te stimuleer en om gebed na die mense te neem - om die muur tussen die kerkgebou en die gemeente/gemeenskap af te breek.

Hierdie vorm van gebed het in die laat sewentiger jare ontstaan en word vandag wêreldwyd beoefen - met groot impak en vrug. In **Josua 1:3** sê die Here vir Josua dat hy elke plek waar hy met sy voet trap, aan hom sal gee. *Prayerwalkers* interpreteer hierdie en ander verse **(Gen.13:14-17; Deut.1:36; 11:24-25; Jos.14:9)** wat dieselfde sê, geestelik sowel as letterlik.

Prayerwalking kan ‘n groot verskeidenheid vorme aanneem. Ek noem enkele voorbeelde.

‘n Groep Christene het vanaf die ooskus van die VSA tot aan die weskus (d.w.s. oor die breedte van die VSA) gedraf as ‘n aksie van voorbidding en om daarmee die nuwe generasie Amerikaners vir Jesus Christus en die koninkryk van God op te eis.

John Dawson vertel hoe hy en ‘n groepie gelowiges met *prayerwalks* begin het in die woonbuurt waar hy in Los Angeles woon. Hulle het begin om sistematies voor elke huis te gaan bid. Hulle het probeer om nie stereotiep dieselfde gebed voor elke huis te bid nie, maar om werklik te hoor wat die Here vir hulle wil sê wat om vir elke spesifieke huis te bid. Hy vertel hoe hewig hy die aanvalle van die Bose beleef het. Maar mettertyd het hulle in hierdie vervalle woonbuurt gesien hoe mense begin om hulle huise te verf en hulle heinings reg te maak. Die vernuwing en skoonmaak het stadigaan uiterlik sigbaar geword.

John Huffman vertel van die verskil wat *prayerwalking* in die *Christ for the City-veldtog* in Medellin in Columbië gemaak het. Na 4 jaar se gebed waar daar op woonbuurtes gekonsentreer is en *van prayerwalking* gebruik gemaak is, het die aantal evangeliese kerke van 93 tot 140 vermeerder en was daar in 133% toename van die aantal gelowiges in 4 jaar. Terwyl die *Christ for flhe* City-veldtog aan die gang was, het *Every Home for Christ* sistematies in huis-tot-huis literatuur evangelisasieveldtog geloods in hierdie selfde stad. 'n Verrassende tendens het na vore gekom: in woonbuurtes waar die veldtog van Every Home for Christ saamgeval het met woonbuurt *prayerwalking,* was die aantal mense wat in Bybelstudie ontvang en die reeks Bybelstudies klaargemaak het 55%. In woonbuurtes waar *daar nie prayerwalking* was nie en ook nie sistematiese voorbidding vir die woonbuurt nie, was die reaksie op mense wat die Bybelstudies ontvang en voltooi het, slegs 10%.

Die doel van *prayerwalking*

Die doel *van prayerwalking* is om elke duimbreedte van 'n bepaalde gebied vir die Here op te eis. **Josua 1:3** sê:*"Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle.. -*" Vir sommige mense mag dit biblisisties klink om hierdie vers letterlik te neem. Die Bybel is egter vol van voorbeelde van gelowiges wat fisies, sigbaar en prakties dinge gedoen het, maar waar hierdie handeling dan terselfdertyd in dieper geestelike betekenis gehad het. Kyk maar na die profete en hulle handelinge. Hoe het Esegiël nie op sy sy gelê en die stad Jerusalem denkbeeldig beleër nie. Dieselfde word gedoen wanneer prayerwalks onderneem word. Daar word op 'n praktiese manier aan die duiwel gesê; "Ons neem jou grondgebied vir God in. Ons kom plant die vlag van God se koninkryk op elke stukkie van die aarde waaroor ons loop. Jou tyd om oor hierdie area en hierdie mense te regeer is verby." Die fisiese loop is dus 'n geestelike handeling.

Voorbereiding vir *prayerwalks*

Voorbereiding vir *prayerwalking* is van kardinale belang. Voordat die spanne in groepe van 2-5 uitgaan om fisies deur die strate te loop, moet hulle sorg dat hulle hul geestelike wapenrusting aantrek (Ef.6:10-17). Elke spanlid moet bid vir sy eie, sy gesin of familie en sy besittings se veiligheid. Dit is byvoorbeeld goed om die inhoud van Psalm 91 by so 'n geleentheid te bid. Die span moet seker maak dat daar eenheid onder hulle is en dat daar nie bewuste onbelyde sonde êrens weggesteek is nie. By geleentheid kan daar tyd gemaak word om in die groep saam te bid oor dinge wat nog nie uitgesorteer is nie. Onthou egter voortdurend dat so 'n byeenkoms nie die plek is om die week se sonde te kom bely nie. Dit is 'n geestelike "werksessie" en ons moet gereed wees om te werk en tot die stryd toe te tree wanneer ons kom aanmeld vir deelname aan 'n *prayerwalk*.

Praktiese riglyne vir *prayerwalking*

Die volgende is enkele praktiese riglyne vir groepe wat begin om *prayerwalking* te doen. Mettertyd ontwikkel elke groep/gemeente 'n eie styl en leer die Here elke groep op sy eie manier.

1. Stuur spanne uit om te gaan verken. Hulle loop doodgewoon en probeer vasstel wat die geestelike klimaat van die buurt is en wat die Here op hulle harte wil lê. Rapporteer terug. Moenie ry nie. Daar waar jy met jou voetsool trap ...
2. Stuur spanne van 3-5 uit. Dit is genoeg om die spanlede se fisiese veiligheid te verseker en min genoeg om nie onnodig aandag te trek nie. Hierdie soort voorbidding gaan nie met groot demonstrasie en geraas gepaard nie, dit geskied baie onopsigtelik.
3. Begin deur sistematies elke straat deur te gaan en vir elke huis te bid. Gebruik 'n kaart en na elke sessie kan afgemerk word waar daar klaar gebid is.
4. Probeer om nie dieselfde teksgedeelte by elke huis te gebruik nie. Die mense in die huise en hulle situasies verskil. Pasop vir 'n rigiede patroon en stereotipe gebede. "Wees sensitief vir die influisteringe van die Heilige Gees." Bid met jou oë oop sodat

die Heilige Gees dinge aan jou kan uitwys.

5. Skryf gewaarwordinge neer. Versamel inligting en probeer tendense vasstel. Soms sal ‘n span voel dat hulle na ‘n sekere huis, gebou of area moet terugkeer voordat hulle verder kan gaan. Hierdie inligting moet na elke *prayerwalk* opgeteken word voordat die span uitmekaar gaan, anders raak die inligting verlore.
6. Deur die week kan die span bly bid vir die area waarin hulle geloop het en ook reeds bid vir die area waar die volgende *prayerwalk* sal plaasvind. Die hele gemeente kan byvoorbeeld betrek word deur op die weeklikse afkondigings te meld in watter area (straatname) daar die volgende week *prayerwalks* sal wees. Sodoende kan die hele gemeente deelneem.
7. Nadat gebedspanne ‘n area deurgebid en “oopgebid” het, is dit ideaal om evangelisasiespanne in te stuur om die evangelie na elke huis en individu te neem. Ons kan nie net met bid nie. Bid is die een kant van die munt, evangelisasie is die ander kant. Gebed sonder evangelisasie is steriel - evangelisasie sonder gebed is oneffektief. Belangrik: prayerwalking en evangelisasie is twee verskillende dinge. Dit moenie met mekaar verwar word nie: groepe wat met prayerwalking besig is, is nie met evangelisasie besig nie.
8. Begin om een keer per week op ‘n prayerwalk te gaan. Spandeer ongeveer 15 minute aan voorbereiding en 30-45 minute aan die *prayerwalk* self.
9. Prayerwalking is geestelike oorlogvoering. ‘n Vriend van my vertel hoe hy en sy vrou begin het om te *prayerwalk.* Die aand nadat hulle terug was by die huis, het sy vrou sterk demoniese aanvalle beleef - sy was geestelik nie op die *prayerwalk* voorbereid nie en het dit as sommer net ‘n stap om die blok beskou.

Wat om te bid

Die doel van *prayerwalking* is om te bid vir die seën van God oor in bepaalde gebied. Daar word ook gebid vir die verbreking van die werking van die Bose in ‘n bepaalde area. ‘n Gedeelte soos **Jesaja 61:1-5** en **Psalm 107** kan gebruik word om vir ‘n area te bid. Ook word daar gebid vir die siekes, verslaafdes, gebroke huwelike, armoede, oortuiging van sonde, liefde vir geld, valse godsdienste, verwerping, geestelike pyn. Bid vir fisiese en geestelike heelmaking en herstel. Bid teen dinge soos rassevooroordeel, selfsug, wetteloosheid, bandeloosheid, sedeloosheid, rebellie ens. Bid en bely die sonde van die mense in daardie buurt en bid dat God hulle genadig sal wees. Vra die Heilige Gees om die liefde van God in jou hart uit te stort terwyl jy vir daardie mense bid **(Rom.5:5).** Vra die Here om spesifieke sondes wat aan demone ‘n reg in daardie area gee, uit te wys. Bid en vra God om deur die werking van die Heilige Gees die sluiers van verblinding voor mense se geestesoë weg te neem dat hulle sal sien wie Jesus is en dat hulle tot bekering kan kom. Waar daar baie rykdom in ‘n area is, bid dat dit nie vir daardie mense ‘n strik sal wees nie, en vra ook dat daardie rykdom tot beskikking van die uitbreiding van die koninkryk van God gestel sal word. Waar ‘n woonbuurt besig is om agteruit te gaan, bid vir vernuwing, herstel en lewe. Verbreek die werke van die duiwel wat alles wil verwoes en vernietig.

Leer om uit die Woord te bid. Proklameer die Woord en die beloftes van God oor elke huis (die mense in die huis). Bid hierdie beloftes in ‘n profetiese sin - profeteer dit oor elke huis en elke individu. Maak egter seker dat jy die beloftes vir elke nuwe huis of situasie van die Gees van God kry.

Soms kan die verskillende bedes van die ”Onse Vader" gebruik word, ander kere **Ps.91** of **Ps.23.** Soms kan ‘n groep deur ‘n woonbuurt beweeg en net die koningskap van die Here Jesus sonder om enige iets te vra. Ander kere kan daar aan die hand van ‘n aantal beloftes uit die Woord gebid word. Dit mag soms wees dat die Here sekere bevele in sy Woord na vore bring - bid hierdie bevele deur die strate. In gebed kan ons die Vader vra om deur die Heilige Gees mense gehoorsaam te maak aan die bevele en opdragte in die Woord.

Wanneer ‘n gebedspan spesifieke demoniese aktiwiteit in ‘n area onderskei, moet die span asseblief nie instorm en die duiwel uit die area probeer verdryf nie. Dit moet deurgegee word aan die hele groep en ‘n strategie moet by die Here gekry word oor hoe daar verder gebid moet word. Bid veral vir ‘n gees van onderskeiding en luister na die Heilige Gees vir indrukke. In sekere areas kan daar byvoorbeeld ‘n vesting van towery, drank, egbreuk, prostitusie of

wat ook al wees. Maak doodseker dat die regte vestings en demoniese aktiwiteite geïdentifiseer word alvorens daar teen hierdie vestings gebid word. Dit is sinneloos om ‘n vyand wat nie bestaan nie te beveg terwyl die regte vyand rustig voortgaan met sy vernietigingswerk.

Dit mag soms wees dat daar ‘n oorkoepelende heersende mag oor ‘n stad is, maar dat daar in ‘n spesifieke woonbuurt ander demoniese aktiwiteite is wat meer dominant is. ‘n Gees van geweld en armoede kan byvoorbeeld ‘n stad oorheers, terwyl prostitusie in ‘n bepaalde woonbuurt van die stad meer prominent as in ander stadsdele. In so ‘n geval moet daar eers teen die gees van prostitusie gebid word, en daarna teen die magte van geweld en armoede. Satan se koninkryk is in die vorm van ‘n hiërargie georganiseer. Die swakker demone en vestings word eers gebreek en daarna kom die ander in volgorde van hiërargie aan die beurt.

Waar om te gaan bid

Hierdie vorm van gebed leen hom tot soveel verskillende maniere van doen. Daar is geen probleem as ‘n individu alleen *prayerwalking* doen nie. Die normale is wel dat daar in klein groepies uitbeweeg word. Groot groepe kan ook gemobiliseer word - dit vra net meer organisasie. Daar is baie gevalle waar die hele gesin gereeld *prayerwalking* doen.

Waar gaan bid ‘n mens orals? Daar is soveel moontlikhede. Die volgende is net voorbeelde van die plekke wat met *prayrwalks* besoek kan word:

- werkplekke
- plekke van aanbidding
- uitkyk poste/hoë plekke
- plekke waar tragedies plaasgevind het
- plekke wat vervloek is
- plekke waar sonde in verlede gedoen is
- bordele/nagklubs ens.
- vestings van die Bose
- poorte van die stad
- tempels/kerke

Begin deur te begin

Te dikwels gebeur dit dat ons opgewonde raak oor iets, maar wag dat iemand anders eerste daarmee moet begin. Die beginsel van *prayerwalking* is baie eenvoudig en ‘n mens het nie veel meer as gewilligheid nodig om daarmee te begin nie. Die kortste pad is om nog een persoon te vind en te begin. Vra die Here vir ‘n area waar julle kan begin loop. Meestal is dit ‘n goeie ding om nie in jou eie woonbuurt te begin nie, maar ‘n ander woonbuurt as teiken te neem en daar te begin *prayerwalk.*

Die wonderlike van *prayerwalking,* is dat dit jou fisiese en geestelike oë begin oopmaak vir die area waarin jy *prayerwalk.* Wanneer jy daarna in jou binnekamer ingaan om te bid, bid jy met baie meer entoesiasme en dringendheid, want jy het die plekke waarvoor jy bid fisies gesien en die atmosfeer geestelik beleef. Jy onthou die huis met die groen dak, die vrou wat op die stoep gesit het, die man wat besig was om sy motor te was en die hond wat met die bal op die gras gespeel het. Dit alles maak dit soveel makliker om vir jou woonbuurt te bid as om net te sê: ”Here, seën die mense in hierdie area waar ek bly"

Dit is van uiterste belang dat *prayrwalking* en evangelisasie nie gemeng moet word in die sin dat die span wat gaan om ‘n woonbuurt te *prayerwalk* terselfdertyd ook met evangelisasiewerk besig raak nie. ‘n Mens kan maklik in die versoeking kom om sommer die twee sake gelyk te hanteer. Die gevolg sal altyd wees dat een daarvan skade sal ly. Dit is egter heeltemal in orde om bv. vanaand ‘n *prayerwalk* te doen en môreaand terug te kom om in dieselfde gebied evangelisasiewerk te doen.

Verskillende tipes *prayerwalking*

- Woonbuurt *prayerwalking* - Dit vind op ‘n deurlopende basis plaas en word gewoonlik

deur inwoners van die woonbuurtes self gedoen.

- Voorbereidende *prayerwalking* (preparation walks) - Dit kan soms gebruik word om ‘n stad, woonbuurt, ens. deur gebed “voor te berei" vir ‘n evangelisasieveldtog of dergelike aksie.
- *”Saturation walks”* - ‘n Derde vorm is om ‘n area te deurdrenk met gebed. Dit hang gewoonlik saam met evangelisasie aksies en die plant van nuwe kerke in ‘n gebied of woonbuurt.
- ‘n Vierde vorm is sistematiese *prayerwalking.* ‘n Gegewe area of woonbuurt kan geneem word en op sistematiese wyse vir elke huis gebid word. Dit behels die gebruik van kaarte, goeie organisasie, ens.
- Verkennende *prayerwalking* is belangrik vir geestelike werkers wat in ‘n nuwe area inbeweeg om die evangelie daar te verkondig. Dit help hulle om die geestelike klimaat van die area te beleef en ook vas te stel wat alles in die area aan die gang is.

Leesstof oor *prayerwalking*

Twee boeke wat goeie inligting oor hierdie onderwerp bevat, is *Prayerwalking van Steve Hawthome en Graham Kendrick, en Churches That Pray van C. Peter Wagner.* Hierdie boeke wil ek met groot vrymoedigheid aanbeveel en voorbidders aanmoedig om moeite te doen om dit te lees.

2. Jesusmarse (fokus op stede)

Die Jesus Marse is iets wat veral sedert die tagtigerjare al sterker na vore begin tree het. Dit is optogte wat deur Christene gereël word. Hierdie optogte word veral in groot stede gehou as demonstrasie van Christus se teenwoordigheid en die teenwoordigheid van die Christene in die stad. Sulke optogte staan ook in die teken van getuienis, proklamasie en gebed. Soos wat die optog deur die strate beweeg, sing die Christene, proklameer die Naam van die Here Jesus en sy koningskap oor die stad en bid vir die stad.

Die ontstaan

Die pioniers van die huidige Jesus Mars beweging was Graham Kendrick (Britse geestelike liedjieskrywer en sangleier), Roger Forster (stigter van Ichtus Fellowship), Gerald Coates (stigter van Pioneer Ministries) en Lynn Green (YWAM). Die eerste Jesus Mars is in Mei 1987 in Londen gehou. Die organiseerders het gehoop om 5000 mense te kry vir die optog. Op ‘n reënerige en trietsige dag het 15 000 gelowiges opgedaag en deelgeneem aan hierdie mars. Die volgende jaar was daar 55 000. In 1989 is dit gedesentraliseer na 45 ander stede. Teen 1990 het dit versprei na meer as 700 dorpe reg oor Brittanje met meer as 200 000 mense wat jaarliks daaraan deelneem. Teen 1992 het die konsep oor die Engelse kanaal na die res van Europa versprei en ook oor die Atlantiese oseaan na die VSA.

Jesus Marse is egter iets wat deur die eeue kom. In **2 Samuel 6:12-17** lei koning Dawid ‘n prosessie in die stad Jerusalem in wat met ‘n Jesus Mars vergelyk kan word. Jesus se intog in Jerusalem is ‘n ander Bybelse voorbeeld (Matt.21:1-9). In 675 A.D. het die ab van die klooster in Malmesbury in Wessex in Engeland lofsang na die strate geneem. John Huss het in die vyftiende eeu optogte met sang gehou. Die Salvation Army het in die negentiende eeu iets op die styl van Jesus Marse deur die strate van Engeland gehou. In die sestiger jare was publieke lofmarse ‘n algemene ding in Latyns-Amerika. Luis Palau het in Gautemala stad en in Mexiko stad onderskeidelik marse gehou met 700 000 en 400 000 mense. Edgardo Silvoso het in 1991 in Argentinië ‘n mars in Buenos Aires in Argentinië gehou waaraan 18 000 mense deelgeneem het.

Op die 25 Junie 1994 is daar in meer as 150 lande van die wêreld sulke optogte te hou. Reg oor die wêreld was daar letterlik duisende stede Jesus Marse gehou word. Vir 24 uur was daar op daardie dag meer as 15 miljoene Christene in die strate om die koningskap van Christus oor hulle stede te proklameer.

Graham Kendrick sê dat daar baie dinge binne die kerk gebeur, maar alles agter geslote deure. Die kerk wat eens kragtig en sigbaar was, het nou onsigbaar geword. Sy visie is dat

die kerk weer sigbaar moet word vir die mens op straat. Dit is ‘n ander manier van sê dat die kerk nie net vir die gemeenskap moet bid nie, maar ook in die gemeenskap.

Graham Kendrick beskryf een so in Jesus Mars as volg:*”A forest of banners rose and began to move like a living thing, as slowly the great procession got underway. Children riding in strollers or on shoulders; the disabled rolling by in their wheelchairs; people of every age, color and class linking arms. Here and there the more agile broke into inpromptu ring dances, as musicians attempted to walk and play at once. Our hearts melted together as everyone’s preoccupation became giving glory to God*.

Die krag van lofprysing

Vir die doel van hierdie boek, is dit veral die gebed wat met hierdie optogte gepaard gaan wat belangrik is. Soos wat die mense deur die state loop, besing hulle die eer van God en kroon hulle Christus as koning oor die stad. Daar word profeties vir die stad gebid en die vestings van die Bose word deur gebed, sang en die demonstrasie van hierdie massa optog aangevat. Daar is geweldige krag in lofprysing. Lofprysing is o.a. ook geestelike oorlogvoering. Groot geestelike krag word deur lofprysing vrygestel (2 Kron.5:13-14; 20:21-27; Hand.16:25-26). Lofprysing verswak die krag van die magte van die duisternis.

Doel van lofmarse

Een van die groot doelwitte van die lofmarse is om eenheid in die liggaam van Christus te bring en om die hele liggaam van Christus in ‘n bepaalde stad/dorp te verenig in publieke lof aan God. C. Peter Wagner meen dat Jesus Marse, meer as enige ander metode, die potensiaal het om eenheid in die liggaam van Christus te bring.

Een van die groot probleme in die liggaam van Christus is juis ons verdeeldheid. Dit is die hoofoorsaak vir die stadige vordering wat gemaak word met die uitdra van die evangelie na die nasies. Die lofmarse dien nie as vervanging van enige ander inisiatiewe om eenheid in die liggaam van Christus te bewerk nie, maar kan wel ‘n groot en positiewe bydrae daartoe lewer.

Basiese beginsels in Jesus Marse

Roger Forster noem 10 fundamentele beginsels wat ter sprake is by Jesus Marse. Elkeen van hierdie beginsels het duidelike teologiese ondertone.

a. *Gehoorsaamheid* - Ons gehoorsaam die opdrag van die Vader om sy heerlikheid en grootheid onder die nasies bekend te maak.
b. *Sigbaarheid van die kerk* - Die kerk word te dikwels as irrelevant gesien, juis omdat die kerk se aktiwiteite te veel ”agter geslote deure" plaasvind.
c. *Eenheid van die Gees* - Die kerk moet die eenheid van mense demonstreer ten spyte van verskille: opvoeding, woonplek, taal, kultuur, dogmas ens.
d. *Belydenis, bekering, berou en versoening* - Kragtige publieke sondebelydenis (bekering en berou) is deel van Jesus Marse en vind gewoonlik plaas by die gebedsbyeenkoms na die afloop van die mars.
e. *Proklamering* - Dit word openlik, hardop en gewoonlik deur alle gelowiges gedoen soos wat hulle deur die straat beweeg.
f. *Feesviering (celebration)* - Die atmosfeer van ‘n Jesus Mars is feestelik.
g. *Profetiese simboliek* - Publieke profetiese simboliese handelinge was deel van die optrede van Ou Testamentiese leiers soos Moses, Josua, Samuel en die profete. Die Jesus Mars staan in dieselfde teken.
h. *Opeis van grondgebied* - Die beginsel van Josua 1:3 kom duidelik ter sprake in Jesus Marse. Die deelnemers proklameer die koningskap oor elke stukkie grond waaroor hulle loop en eis dit op vir Jesus, die Koning van die konings.
i. *Vrymoedigheid (boldness)* - Deelname aan ‘n Jesus Mars gee Christene ‘n nuwe vrymoedigheid om die evangelie te proklameer en dit openlik in die openbaar uit te leef.
j. *Getuienis in die geestelike sfeer* - Sulke marse is in effek geestelike oorlogvoering en is ‘n demonstrasie van gelowiges teenoor die magte van die Bose.

Moets en moenies

Daar word wêreldwyd gepoog om 'n bepaalde eenvormigheid aan Jesus Marse te gee. Soveel as moontlik kerke in 'n stad word betrek en die marse word noukeurig beplan met die nodige toestemming van munisipale owerhede en ander betrokke instansies. Voertuie wat met klanksisteme toegerus is, bedien groepe van 200-300 deelnemers. Jaarliks word daar internasionaal en in elke land riglyne uitgewerk vir die musiek, proklamasies en slagspreuke wat gebruik gaan word. Die tipe musiek wat vir die strate gebruik word, verskil van die musiek wat binne die kerk gebruik word.

Daar is bepaalde gevare aan Jesus Marse verbonde. Sekere dinge is net nie toelaatbaar tydens Jesus Mars nie. Wanneer groepe hierdie grense oorskry, verloor Jesus Marse hulle trefkrag en doel.

Daar is sekere dinge wat Jesus Marse nie is nie:

a. Dit is nie protesmarse nie.
b. Die marse word nie gebou rondom kontroversiële sake bv. aborsie nie, maar rondom *die Persoon van Jesus Christus.*
c. Marse het nie 'n kritiese karakter nie en is nie konfronterend nie.
d. Marse is nie publieke vermaak nie.
e. Marse is nie 'n evangelisasie uitreiking nie.
f. Marse is nie *per se* in metode van geestelike oorlogvoering nie.
g. Marse is nie 'n ritueel nie.
h. Marse draai nie om 'n persoon, organisasie of denominasie nie.

Die effek van Jesus Marse

'n Jesus Mars kan verskillende dinge in 'n stad tot gevolg hê. Die volgende is sommige van die dinge wat mag gebeur tydens in Jesus Mars:

- 'n Mars in die Soho distrik in Londen het sommige van die sekswinkels en dobbelsale gesluit.
- Dit kan 'n ommekeer in die geestelike atmosfeer in die stad meebring.
- Dit bring normaalweg eenheid onder die gelowiges in die stad.
- Dit bring geestelike vrymoedigheid onder die gelowiges.
- Die wêreld rondom ons begin weer sien dat die kerk steeds daar is - lewend en kragtig.
- Hoewel die doel van hierdie marse nie geestelike oorlogvoering as sulks is nie, is die effek van die eenheid onder die gelowiges, die lofprysing en die belydenis van sonde, 'n geweldige stuk geestelike oorlogvoering.
- Marse gee aan die hele gesin, oud en jonk, die geleentheid om deur hulle deelname, hul geloof in Christus openlik te bely.

Meer inligting oor Jesus Marse

Die twee belangrikste kantore vir die Jesus Marse wêreldwyd is:

March for Jesus
P.O. Box 39
Sunbury-on-Thames
Middlesex, TW16 6PP
England

March for Jesus
P.O. Box 3216
Austin, TX 78764
U.S.A.

Boeke in hierdie verband is o.a. *Public Praise* van Graham Kendrick en *March for Jesus* van Graham Kendrick, Roger Forster, Lynn Green, Gerald Goates, en Catherine Butcher.

3. Gebedsekspedisies of gebedsekskursies (fokus op geografiese streke)

Persoonlik is ek daarvan oortuig dat gebedsekspedisies in die volgende 5 jaar 'n sleutelrol sal speel in die bereiking van die onbereiktes met die evangelie. Hierdie vorm van gebed is, net soos *prayerwalking,* nie deur iemand uitgedink nie, maar het spontaan op verskillende plekke

in die wêreld ontstaan.

Gunilla Gniste is ‘n predikantsvrou in Uddevalla in Swede. Sy vertel hoedat die kerk waaraan sy behoort, verantwoordelikheid begin neem het vir die hele provinsie waarin hulle woon. Syself maak byvoorbeeld van tyd tot tyd ‘n bus vol voorbidders en gaan dan op ‘n gebedsekskursie. Hierdie gebedstoere word gewoonlik op Saterdae onderneem. Voordat hulle egter op ‘n gebedstoer uitgaan, besoek hulle ‘n biblioteek en doen geestelike kartering. Alle kaarte (oues en nuwes) wat hulle van ‘n bepaalde gebied in die hande kan kry, word bestudeer. Op die kaarte merk hulle plekke soos heidense aanbiddingsplekke uit die verlede, afgodstempels ens. Ook plekke soos bymekaarkom plekke van die New Agers, Sataniste vergaderplekke en heidense godsdienste se tempels (moskees, Hindoetempels ens.) word gemerk. Daarna gaan hulle fisies na die plekke uit en doen daar geestelike en gebedsoorlogvoering. Hierdie soort gebedstoere is in wese opruimoperasies. Dit verbreek die reg en houvas wat die Bose oor in bepaalde geografiese area het. In ongeveer 18 gebedsekskursies het hulle hulle hele provinsie gedek.

‘n Ander voorbeeld van gebedsekskursies is dié van ‘n vriend van my, Koos Basson. Hy het ‘n baie sterk roeping vir die Damaras (‘n groep wat veraf in die Noord-Weste van Namibië woon) begin ervaar. As gevolg daarvan het hy navorsing oor die Damaras begin doen, spesifiek oor hulle gewoontes, gebruike, godsdiens ens. Daarna het hy ‘n gebedspan geneem en op sekere stategiese punte gaan bid. Soms het hierdie gebedsuitreikings tot twee weke geneem. Met sulke uitreikings is daar nie evangelisasiewerk gedoen nie, maar net gebid teen die vestings van die Bose wat hierdie volk vashou. Na ongeveer twee jaar, het hy en sy vrou uiteindelik na Damaraland vertrek om sendingwerk onder hierdie mense te gaan doen.

In 1991 het Switserland hulle 700 bestaansjaar as ‘n nasie gevier. ‘n Switserse diakones het gevoel die Here lê dit op haar hart om ‘n gebedsekspedisie te reël. Saam met nog twee ander bidders het sy begin om al op die grense van die 12 provinsies van Switserland te loop en bid. In al die hoofstede van die provinsies het sy gebedseminare gehou en Christene uit die provinsies genooi om saam met haar span deel te neem aan die ekspedisies. Sommige dae was dit net die aanvanklike span van drie wat geloop het, maar ander dae was daar tot 50 bidders. Die ekspedisie is binne 11 weke voltooi en elke dag is 9-12 myl (15-20 km) gedoen, afhangende van die terrein. Soos wat hulle geloop het, het hulle hardop gebid en met mekaar gedeel dit wat die Here op hulle harte gelê het. Twee prominente sake wat na vore gekom het, was gebed vir ‘n nuwe geslag Christenleiers om, ten spyte van die tradisie van 700 jaar in Switserland op te staan en dat kinders in die toekoms kragtiglik gebruik sal word.

Fokus op geografiese areas

Prayerwalking konsentreer hoofsaaklik op woonbuurtes. *Jesus Marse* konsertreer hoofsaaklik op dorpe en stede. *Gebedstoere* (word onder punt 4 bespreek) konsentreer hoofsaaklik op spesifieke vestings van die Bose. *Gebedsekskursies* konsentreer op bepaalde geografiese areas.

Met gebedsekskursies (gekombineer met *prayerwalking)* soos wat die vrou in Switserland onderneem het, begin nasionale en internasionale sake meer in fokus kom. Dit gebeur as ‘n reël nie wanneer ‘n mens net in ‘n woonbuurt gebedsmarse doen nie.

Gwen Shaw van End-Time Handmaidens het gevoel die Here lei haar om op die spoor van die martelare te gaan loop. Sy het (saam met haar man Jim) ‘n gebedsekspedisie deur Sentraal- en Suid-Europa onderneem en plekke besoek waar Christene in die verlede vervolg is: die Kartare, Hugenote, Lutherane, Anabaptiste, Mennonite, Moraviërs ens. Met hulle besoeke aan hierdie historiese plekke het hulle o.a. gebid en God gevra om die vloek van die vergieting van onskuldige bloed oor hierdie dele van Europa weg te neem. Hulle het ook gebid dat God genadig sal wees en ‘n magtige herlewing in hierdie dele sal gee vir die nageslag van die mense wat hierdie wreedhede gepleeg het.

Tans word daar beplan om gebedspanne te stuur langs die roetes van die Kruistogte wat in die Middeleeue plaasgevind het. Daar is baie gelowiges wat glo dat die onreg en skade wat deur die Kruistogte aangerig is, een van die grootste hindernisse in die verkondiging van die

evangelie van Jesus Christus aan die Jode en die Moslems is.

Gebedsekspedisies kan ook ander vorme aanneem. In Japan het Paul K. Ariga ‘n trein bespreek en saam met 400 voorbidders deur 6 stede in die Osaka area gereis, terwyl hulle binne die trein geestelike liedere gesing en voorbiddimg gedoen het. In New England (VSA) het ‘n groep Christene ‘n aantal bakkies geneem en deur 5 verskillende state gereis en op spesifieke plekke gebedsbyeenkomste gehou. Ander doen dit met vliegtuie. Daar is geen spesifieke voorskrifte of beperkings nie. Die Gees van God lei mense op verskillende maniere en ons moet oop wees vir nuwe idees. Hierdie soort gebed is opwindend en uitdagend.

Twee dames in Suid-Afrika het byvoorbeeld die afgelope paar jaar meer as 32 000 kilometer in Suidelike Afrika per motor afgelê. Met hierdie gebedsekspedisies het hulle ‘n verskeidenheid van lande gesoek, by sekere plekke aangedoen en gebid. Soms het hulle al op die grens van ‘n land langs gery en vir die land gebid. Met ‘n onlangse ekspedisie waartydens hulle Namibië, Angola en Zambië besoek het, het die Here dit aan hulle duidelik gemaak dat hierdie fase van hulle taak nou afgehandel is.

Gebedsekspedisies en geestelike kartering

Gebedsekspedisies hang ten nouste saam met geestelike kartering. Ekspedisies moet deeglik beplan word. Strategiese plekke moet besoek word om daar te bid soos wat die Gees van God dit op die groep se hart lê. Heel dikwels gaan sulke uitreikings gepaard met profetiese handelinge wat op hierdie plekke uitgevoer word. Dit hang ten nouste saam met gebed en voorbidding.

In kort kan ons sê dat geestelike kartering vir die voorbidder dieselfde gebruikswaarde hê as X-strale vir ‘n dokter. Geestelike kartering het te doen met die versameling van inligting oor:

- die invloed van die magte van die Bose op ‘n bepaalde geografiese area en die mense binne daardie area;
- die geskiedenis en die handelinge van die mense binne ‘n bepaalde geografiese area;
- die plan van God in ‘n bepaalde geografiese area en die mense binne daardie area.

Geestelike kartering is ‘n poging om die wêreld rondom ons te beskryf soos wat dit werklik is en nie soos wat dit op die oog af lyk nie. Dit is ‘n poging om ‘n situasie vanuit die geestelike dimensie te omskryf. Geestelike kartering gee vir ons ‘n beeld of geestelike foto van hoe die situasie in die geestelike sfeer bo ‘n stad of geografiese area lyk. Geestelike kartering kan met X-strale vergelyk word. Dit wat X-strale vir die dokter doen, doen geestelike kartering vir die geestelike werker. Dit help ons om te verstaan dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie **(Ef.6:12)** en in die lig daarvan ‘n begrip te kry wat in ‘n bepaalde geografiese area aan die gang is.

George Otis (jr.) maak die volgende belangrike opmerking: *As ons wil verstaan waarom dinge is soos wat hulle vandag is, moet ons eers gaan vasstel wat gister gebeur het.* Navorsing oor ‘n stad of geografiese area is onontbeerlik vir effektiewe geestelike werk in daardie area. Dit is my, en baie ander se oortuiging, dat gebrek aan deeglike navorsing oor die spesifieke area wat ons met die evangelie probeer bereik, in die verlede tot gevolg gehad het dat daar in baie gevalle oneffektief gewerk is.

Die doel van gebedsekspedisies

Die basiese doel van gebedsekspedisies is om ‘n gegewe streek geestelik oop te maak vir die verkondiging van die evangelie en die koms van die koninkryk van God in daardie streek. Daar word gesoek na enige vestings van die Bose wat mag verhinder dat die evangelie sy snelle loop in daardie area kan hê en in gebed word daar juis op hierdie punte gekonsentreer.

Waarvoor vra ons as ons bid dat die koninkryk van God in ‘n bepaalde geografiese area sal kom? Ons bid o.a. dat: daar nie oorlog sal wees nie, sosiale toestande sal verander, mense nie saans honger sal gaan slaap nie, onreg uitgeroei sal word, ongeredde mense tot

verlossing in Christus sal kom, en haat, siekte, verslawing, seksuele immoraliteit ens. nie sal voortgaan om mense se lewens te verwoes nie.

Wat om te bid

C. Peter Wagner suggereer in sy boek *Churhes that Pray* dat ons ten minste vir die volgende bid wanneer daar op gebedsekspedisies gegaan word:

a) *Gebede van bekering en berou oor sonde van die verlede.* **2 Kronieke 7:14** dui duidelik aan dat wanneer ons ons sondes bely, genees God die land. Veral die Ou Testament maan dat die sondes van die vaders bely moet word.
b) *Intersessie - om tussenbeide te tree.* In **Esegiël 22:30** soek God na en man om in die bres te staan. Dieselfde gedagte vind ons in **Jesaja 59:16** en **Jesaja 63:5.** Deelnemers aan gebedsekspedisies tree geestelik in die bres vir die land of streek waarheen hulle gaan. Hulle bid tot God om die vestings van die Bose in daardie streek te openbaar en bid tot die Vader vir ‘n strategie vir die afbreek van daardie vestings **(2 Kor.10:4-5).**
c) *Proklamasiegebede.* Die koningskap en heerskappy van God word hardop deur die voorbidders oor ‘n bepaalde plek geproklameer. Dit gaan dikwels gepaard met sang en die uitroep van God se naam oor ‘n plek.
d) *Gebede van seën.* Net soos wat individue, en gesinne genesing nodig het, het stede, dorpe, nasies en mense in geografiese streke dit ook nodig. ‘n Groot deel van die taak van gebedsekspedisies is om te bid vir die seën (blessing) van die Here oor daardie deel van God se wêreld.

Verskillende tipes gebedsekspedisies

- Punt-tot-punt ekspedisies. Hierdie soort ekspedisies volg gewoonlik ‘n histories belangrike roete van een punt tot by ‘n volgende.
- *Grens-tot-grens ekspedisies.* In sulke gevalle word daar langs die hele grens van ‘n land, provinsie of gegewe geografiese area geloop en bv. gebid vir ‘n algemene geestelike ontwaking.
- *Omgewings ekspedisies.* ‘n Gegewe geografiese area word geneem en alle belangrike plekke word besoek.
- *Aflos ekspedisies.* YWAM het byvoorbeeld ‘n fakkelloop gehad oor die breedte van die VSA waar ‘n nuwe span ”gebedsdrawwers" telkens die fakkel oorgeneem het.

4. Gebedsreise (fokus op demoniese vestings)

Gebedsreise (prayer journeys) het ten doel om fisies na geografiese areas te reis waar daar duidelike demoniese vestings is en daar te gaan bid en geestelike oorlogvoering te doen. ‘n Demoniese vesting is ‘n versterkte plek/vesting wat Satan oprig/bou om homself te verhoog teen die kennis en planne van God.

Verskillende tipes gebedsreise

Daar is twee basiese tipes gebedsreise. Die eerste soort gebedsreis is waar **voorbidding en geestelike oorlogvoering** primêr is. Die doel van so ‘n gebedsreis is gebed en nie evangelisasie of navorsing nie. Dit is meer intensief van karakter as byvoorbeeld *prayerwalking* en daar word direk gekonsentreer op ‘n bepaalde demoniese vesting. Sulke gebedsreise kan *prayerwalking* insluit en ook elemente van gebedsekspedisies bevat. ‘n Gebedsreis is ‘n definitiewe oorlogsverklaring teen demoniese vestings.

Sulke gebedspanne bestaan normaalweg uit 5-10 voorbidders wat na ‘n bepaalde stad of strategiese punt gaan om fisies op daardie plek te gaan bid. Daar word deeglik voorbereiding getref en al die spanlede ontvang onderrig in geestelike oorlogvoering. A.g.v. die situasie in baie lande en in verskillende stede, gaan sulke gebedsreise nie met groot publieke aankondigings gepaard nie. Die doelwit is weer eens gebed en nie evangelisasie nie.

Die tweede soort gebedsreis is **profetiese gebedsreise.** Uit ‘n honderd gebedsreise sal ongeveer een of twee profetiese gebedsreise wees. ‘n Persoon wat wêreldwyd vir hierdie tipe gebedsreise bekend is, is Kjell Sjöberg van Swede. Twee van sy boeke is tans reeds in Engels vertaal: *Winning the Prayer War en The Prophetic Church.* Persone wat aan profetiese gebedsreise deelneem is gewoonlik persone wat beide die gawe van profesie en voorbidding het. Sjöberg vertel in sy boeke hoedat hy in verskillende stede en lande gaan bid het (Parys, Brussels, Bonn, Warsaw, Athene, Egipte, Australië ens.) en hoe hulle te staan gekom het teen verskillende demoniese vestings (bv. Mammon, Hoerery, Materialisme, Vaderloosheid, Dood, Sameswering, Islam en baie ander).

Deel van profetiese gebedsreise bestaan uit profetiese gebedshandelinge. Vir die buitestaander maak sommige van hierdie aksies nie veel sin uit nie, maar die effek van hierdie handelinge is onbetwisbaar. Die gevaar is dat onvolwasse gelowiges hierdie soort aksies wil namaak in ‘n poging om geestelik te wees. Sulke pogings is altyd futiel en dikwels ook negatief. Profetiese gebedshandelinge kan alleen uitgevoer word in opdrag van die Here en moet nooit aan die grootklok gehang word nie.

Program gedurende ‘n gebedsreis

Dit is sinvol om heelwat beplanning in te sit in ‘n program vir die gebedsreis. Daar moet tyd wees vir persoonlike stiltetyd, gesamentlike voorbidding, *prayerwalking,* ontspanning, ens. Dit is nie ‘n vakansie nie, maar die program moet ook nie so vol gelaai word dat die bidders nie genoeg krag het om hulle werk effektief te doen nie.

Dagprogram kan byvoorbeeld as volg lyk:

voor 8h00- Persoonlike stiltetyd en ontbyt
8h00-9h00 - Aanbidding en beplanning vir die oggend
9h00-10h30 - *Prayerwalking*
10h30-11h00 - Rus
11h00-13h00- *Prayerwalking* of groepsvoorbidding
13h00-16h00- Eet en Rus
16h00-17h30- *Prayerwalking/bid* by sekere strategiese plekke
17h30-18h30- Eet en rus
18h30-19h00- Terugvoering
19h00-20h30- Aanbidding en groepsvoorbidding/*Prayerwalking*
21h00- Persoonlike tyd/Rus

Sommige van die aande kan afgewissel word met besoeke van bemoediging aan plaaslike geestelike werkers of Christene.

Verslaggewing oor wat gebid word en wat tydens elke dag se gebedsaktiwiteite gebeur het, is baie belangrik. Tans is *Christian Information Network* die organisasie wat alle gebedsreise na die 10/40 Venster probeer monitor en groepe aanmoedig om verslae van gebedsreise aan hulle beskikbaar te stel. (Adres: *Christian Information Network* 11025 Highway 83, Colorado Springs, Colorado 80921, tel.(719)-522-1040; faks.(719)-548-9000.)

10/40 Venster gebedsreise

Die *AD 2000 Prayer Track* moedig gelowiges reg oor die wêreld aan om gebedstoere na die 10/40 Venster lande te reël. Gedurende Oktober 1993 het 247 gebedspanne na die 10/40 Venster lande gegaan om daar te gaan bid. Die doel daarvan was om gebedspanne te stuur om in daardie spesifieke lande vir geestelike deurbrake te gaan bid. Die voordeel daarvan is dat die voorbidders die gees en klimaat van die land kan aanvoel en ervaar. Wanneer sulke gebedspanne tussen die mense begin beweeg, vind daar menslik gesproke dinge binne in jou plaas wat nie gebeur wanneer ‘n mens net op ‘n landkaart vir iemand bid nie. Wanneer jy die taal hoor, die oppressie voel, die geboue sien en van daar die land se kosse eet, dring die realiteit van dit waarvoor jy bid, baie sterker tot jou deur. Sulke gebedstoere is duur, duur in terme van die aanslag op gees, siel en liggaam, finansies, opoffering en ongerief wat verduur moet word. Maar die wins wat dit in die koninkryk van God tot gevolg het, is onberekenbaar.

Gedurende Junie/Julle 1994 was daar weer groepe, wat in opvolg op die gebedsreise van Oktober 1993 gebedsreise na hierdie lande onderneem het. 'n Geraamde 21 miljoen bidders het wêreldwyd aan hierdie inisiatief deelgeneem. Gedurende Oktober 1995 is daar vir 100 sleutelstede binne die 10/40 Venster gebid. Meer as 36 miljoen bidders het wêreldwyd aan hierdie inisiatief deelgeneem en 650 gebedspanne het gebedsreise na hierdie lande onderneem. In 1997 is daar gefokus op 1739 van die mees onbereikte groepe binne die 10/40 Venster en meer as 29 miljoen bidders het deelgeneem met honderde gebedspanne wat gebedsreise onderneem het. Gedurende Oktober 1999 word beplan om 50 miljoen bidders te mobiliseer om vir hierdie lande te bid met weereens honderde gebedspanne om in daardie lande te gaan bid.

Ondervinding binne die 10/40 Venster

Gedurende Oktober 1993 het ek saam met drie ander gelowiges die voorreg gehad om aan so ‘n gebedsreis na een van die 10/40 Venster lande, deel te neem. Ons was in ‘n streek in Pakistan waar meer as 50 onbereikte groepe woon (15 miljoen mense) en waar daar sover bekend slegs ‘n tiental Christene tussen hierdie miljoene mense is. Geen sendelinge word daar toegelaat nie. Dit is ‘n land waar 96,7% van die bevolking Moslems is.

Ons het vir 7 dae in daardie streek vertoef en daagliks op die Here gewag vir leiding oor hoe om te bid. Dit was ‘n geweldige ervaring om te sien hoe die Here ons as span in ‘n eenheid saamgebind het en begin het om bepaalde Skrifgedeeltes aan ons deur te gee wat ons vir die betrokke sendinghospitaal waar ons vertoef het, moes bid. Daagliks het ons wanneer ons vir gebed bymekaar gekom het, ontdek dat die Here vir verskillende lede van die gebedspan presies dieselfde Skrifgedeeltes gegee het. Daardie gedeeltes het ons dan bespreek, dit deurgebid en die Here gevra om dit in vervulling te laat gaan. Die Here het ons ook op ‘n baie besondere manier gelei om ‘n Jerigomars te doen en om ander geestelik profetiese aksies uit te voer. Op die laaste dag het ons ‘n banier aan ’n TV-maspaal vasgemaak met die woorde **Jahwe-Nissi** en **The Root of Jesse** daarop. Drie maande later het ons begin hoor van geestelike deurbrake in daardie geografiese area en steeds kom daar berigte deur van vrug a.g.v. hierdie gebedsreis in Oktober 1993.

24 Kardinale punte

‘n Ander interessante ontwikkeling is voorbidding op die 24 kardinale punte. Lorren Cunningham van YWAM het ervaar dat die Here hierdie organisasie oproep om betrokke te raak by voorbidding op die 24 kardinale punte van die wêreld. Daarmee word bedoel die vier uiterste punte van die ses kontinente (die mees oostelike, noordelike, westelike en suidelike punte). Jaarliks word daar op dieselfde dag gebedspanne na hierdie 24 punte gestuur om geestelike oorlogvoering oor die betrokke kontinente te doen. Die eerste keer dat daar op die kardinale punte gebid is, was 21 September 1991.

Leesstof ter voorbereiding van gebedsreise

Die volgende boeke kan geraadpleeg word deur persone wat van plan is om gebedsreise te onderneem:

Possessing the Gates of the Enemy - Cindy Jacobs
The Last of the Giants - George Otis (jr.)
Warfare Prayer - C. Peter Wagner
Breaking Strongholds in your City - C. Peter Wagner
Churches that Pray - C. Peter Wagner
Winning the Prayer War - Kjell Sjöberg
The Prophetic Church - Kjeli Sjöberg